Zim-sanksies dalk verslap

JAN-JAN JOUBERT EN ANDRÉ LE ROUX
andre.leroux@media24.com

Terwyl Suid-Afrika se regering dreig met 'n mediatribunaal, word die subkontinent se enigste menseregtetribunaal van sy magte gestroop

Die afgelope week se leiersberaad van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) in Windhoek het beweegruimte vir pres. Robert Mugabe van Zimbabwe geskep, en dit hou gevolge vir Suid-Afrikaners in.

Vir die eerste keer sedert die rampspoedige verkiesings in Zimbabwe in 2008 is daar aanduidings dat internasionale sanksies teen dié land dalk verslap kan word danksy "politieke vooruitgang".

Dit volg op 'n "uitkomsstrategie" waartoe alle partye die afgelope week in Windhoek ingestem het.

Die uitkomsstrategie, beding deur pres. Jacob Zuma, sluit in:

- dat die huidige grondwetskrywende proses in Zimbabwe voltooi word;
- dat 'n vreedsame en vrye referendum gehou word om die grondwet goed te keur; en
- dat 'n internasionaal aanvaarde verkiesing plaasvind om 'n nuwe regering ingevolge die nuwe grondwet te verkies.

Al dié stappe moet teen die einde van volgende jaar afgehandel wees.

Voorts het die beraad allerlei komplimente vir onder meer Mugabe en Zuma in sy finale communiqué opgeneem en die onmiddellike beëindiging van sanksies bepleit.

In 'n onheilspellende stap is besluit om die magte van die SAOG-tribunaal te hersien en nie toe te laat dat die tribunaal nuwe sake aanvaar nie. Dit voorspel niks goeds vir Suid-Afrikaners wat eiendom in Zimbabwe onder die Mugabe-regime verloor het nie.

Dié besluit is deur mnr. Willie Spies, prokureur van die burgerregtegroep AfriForum, bestempel as "die mees blatante daad van minagting van die reg denkbaar".

AfriForum behartig die saak van verskeie Suid-Afrikaners wat hul eiendom onder die Mugabe-bewind verbeur het.

Die SAOG-tribunaal het 'n kostebevel teen Zimbabwe uitgereik wat deur die hooggeregshof in Pretoria gehandhaaf is en nou in Suid-Afrika afgedwing kan word.

Zimbabwe weier om aan die tribunaal se bevinding gehoor te gee.

Dus is begin met beslaglegging op Zimbabwiese staatseiendom in Suid-Afrika wat Zimbabwe rooi laat sien het. Nou word die tribunaal se magte skielik heroorweeg.

Volgens Spies volg die besluit om die rol en funksies van die tribunaal te hersien nadat die leiersberaad van die SAOG by twee geleenthede nagelaat het om tribunaal-bevindings teen Zimbabwe te ondersoek en strafmaatreëls te oorweeg.

Die tribunaal se registrateur het Donderdag in 'n brief aan die regsverteenwoordigers van die Zimbabwe-boere mnre. Louis Fick, Michael Campbell en Richard Etheredge te kenne gegee dat die taksasiedatum van 'n kostebevel wat voorheen deur die tribunaal toegestaan is, onbepaald uitgestel word.

"Dit is werklik kommerwekkend dat Suider-Afrikaanse state nou die sein uitstuur dat hofbevindinge slegs gehoorsaam word wanneer dit die politieke leiers pas," het Spies gesê.

"Die SAOG-tribunaal kan tot 'n waardevolle internasionale hof ontwikkel wat die heerskappy van die reg in Suider-Afrika kon bestendig en verder ontwikkel. Indien die tribunaal egter van sy magte gestroop word, sal dit die subkontinent juridies gesproke dekades terugneem."

Spies meen onlangse gebeure aan die politieke front is onheilspellend.

"Terwyl die Suid-Afrikaanse regering tans dreig om 'n tribunaal in te stel om die vrye media in toom te hou, word die subkontinent se enigste menseregte-tribunaal van sy magte gestroop. Dit is slegte nuus vir burgerregte en die oppergesag van die reg in Suid-Afrika."